# 16 Januarie 2024 - Lesing 215 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

Kosmos – Maan – 4/8/61

**NO: 7957** Ook die geringste onduidelikheid het 'n negatiewe uitwerking, want **dit laat die mens twyfel en verduister die lig** wat sy hart moet verlig. Maar wanneer die hart haar open om die lig binne te laat straal, sal die toestroming van lig steeds daarop volg. Waar onduidelikheid bestaan, moet opheldering gegee word, want Ek wil nie dat die denke van die mens, wat korrek wil dink, verwar word nie.

Maar Ek wil ook nie dat dwaling versprei word, waar alleen die waarheid bevorder moet word nie. Maar het julle so-iets te vrees, wanneer Ek julle Self onderrig en aan julle slegs deurgee, wat Ek Self vir julle vertel?

Dat julle alles self nie verstandelik begryp nie, hoef julle nie ongerus te maak nie, want solank julle nog nie voltooi is nie, is julle denke nog beperk en is julle nie in staat om die huidige opvattinge in ooreenstemming te bring met die verklaringe wat Ek julle gee, wanneer dit gaan oor gebiede wat die wetenskap meen dat hulle dit ontsluit het nie.

Dat daar in die kosmos nog veel ondeurgrondelike sake bestaan, kan selfs die wetenskap nie ontken nie; en wat hulle denke ookal ondersoek, **daar ontbreek dit aan elke bewysvoering,** want die bewyse wat deur hulle gelewer, is verkeerd.

En so ook is die berekeninge gebrekkig wat gemaak word oor die afstand en die verhouding van die stand van die maan tot die aarde. En daarom is dit ook vir julle moeilik, om dit wat julle ken as julle eie kennis, wat julle veronderstel om te kan bewys, as 'n korrekte verklaring te gee. En wanneer julle net sal dink aan die voortdurende draaiing van die aarde om haar eie as, sal julle moet insien dat die maan wel 'n satelliet van die aarde is, maar tog 'n geheel onafhanklike hemelliggaam van die aarde, wat net soos die aarde ronddraai in die bereik van dieselfde son, dus ook aanhoudend lig van haar af ontvang. Die aarde is nie in staat om hierdie ligstroom teen te hou, of om dit te beperk nie. Maar die bewoners van die aarde kan die maan min of meer waarneem, ooreenkomstig die stand van die aarde soos wat sy gedurende haar draaiing om haarself inneem.

Die aanstraling van lig, voltrek homself in wetmatige ordening en ook die hemelliggame gaan in wetmatige ordening hulle baan. Daarom ook die periodieke gelyke herhaling van die verskynsels, wat hulleself voordoen as die afwisseling van dag en nag.

Maar julle mense moet nie vergeet dat alles in beweging is, dat daar niks stilstaan in die hele heelal nie en dat ook hierdie bewegings wetmatig is.

En tog kan die sterrebeelde deur julle soos dit oor julle skyn, as gelykblywend aan die hemel gevolg word, wat, suiwer in ooreenstemming met die natuur, 'n voortdurende draaiing van die aarde sou kon betwis. En tog draai die aarde om haarself, maar dit sal 'n ewige geheim van die skepping bly, wat nooit deur julle mense ontsluier sal kan word nie.

Want julle sal wel steeds kan vermoed of glo om bewyse te lewer, wat egter nooit goeie bewyse is nie, - om welke rede julle ook nooit sal slaag om vreemde hemelliggame in besit te neem nie, waarvan die wette heeltemal anders is as die van die aarde en wat daarom ook 'n "lewe" vir julle mense uitskakel.

Want die lewensvoorwaardes op elke hemelliggaam is anders en gemaak vir die wesens wat daarop woon en is in ooreenstemming met hulle geestelike toestand. En Ek alleen ken elke wet, net soos ook die geestelike wat vol van lig is, aan wie Ek hierdie kennis kan laat toekom.

Maar julle mense sal ook dan eers van alles op hoogte wees, wanneer julle in die ryk van die Lig sal binnegaan en julle denke dan nie meer beperk sal wees nie. Amein.